(c) die betrokke skoolhoof van sy of haar besluit in kennis stel.

(6) Die skoolhoof moet, binne 7 dae na die ontvangs van die kennisgewing vanaf die departementshoof, die betrokke distriksdirekteur skriftelik in kennis stel van die name en adresse van die verkose en aangestelde lede.
(7) Die verwysing vir aanstelling van die lede ingevolge paragrawe 3(2)(e), (f), (g), (h) en (i), moet ten minste 24 uur voor die verkiesing van die ouerlede komponent gefinaliseer word.

Aanmerklikheid vir lidmaatskap van skoolbeheerliggaam

5. 'n Persoon is nie aanmerklik om as 'n lid van die beheerliggaam verkies, aangestel of gekoöpteer te word as daardie persoon–

(a) deur 'n bevoegde hof wetlik ongeskik verklaar is.
(b) ’n ongerehabiliteerde insolvent is;
(c) aan ’n misdryf in die Republiek of elders skuldig bevind is en tot gevangenisstraf , sonder die opsie van 'n boete, vir 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie, gevonnis is;
(d) as ongepas om met kinders te werk, verklaar is ingevolge die "Children's Act, 2005" (Wet No. 38 van 2005); of gelys is in die register van persone wat ongeskik is om met kinders te werk, ingevolge die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) Wysigingswet 32 van 2007 (Wet No. 32 van 2007);
(e) wat nie binne die kategorie van lidmaatskap val waarvoor hy of sy genomineer, verkies, aangestel of gekoöpteer is nie;
(f) nie meer binne die kategorie van lidmaatskap te aansien van wat hy of sy verkies, aangestel of gekoöpteer is nie; of
(g) sy of haar lidmaatskap van ’n beheerliggaam binne die vorige vyf jaar, deur die departementshoof ingevolge die Wet, beïndig is.

Aanstelling en werksaamhede van provinsiale verkiessingkoördineerder

6. (1) Die departementshoof moet skriftelik 'n provinsiale verkiesingskoördineerder ten minste 60 dae viir due begin van die verkiesingstydperk wat deur die Minister aangekondig is, aanstel.

(2) Die werksaamhede van 'n provinsiale verkiesingskoördineerder is om te–

(a) verseker dat voldoende voorspraak rakende die verkiessingsdatum deur met openbare skole, ouers, leerders en gemeenskappe deur gepaste kommunikasiekanale soos druk en elektroniese media saam te werk.

(b) voorspraak te ondersteun binne die hulpbronne wat deur die provinsiale onderwys departement beskikbaar gemaak is en effektiewe uitreiking en deelname te verseker.

(c) nakoming van hierdie kennisgewing te verseker;

(d) koördinering van die hulpbronne wat benodig word om effektiewe en regverdige beheerliggaam verkiesings uit te voer, met inbegrip van voertuie, skryfbehoeftes en stembriewe, waar nodig;

(e) verseker dat die onderskeie skoolverkiesingsbeamptes die template 1 tot 15 het;

(f) die beheerliggaamverkiesingsproses in die provinsie moniteer en evalueer

(g) samestelling van periodieke verslae oor nakoming, identifiseering van onreëlmatighede, en die voorstel van korrektiewe maatreëls waar nodig;

(h) konsolidering van 'n provinsiale databasis van die verkose beheerliggaam lede na die verkiesingswat die toepaslike data beskermingswetgewing moet nakom, met inbegrip van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013); en

(i) erkende beheerliggaam assossiasies toelaat om een waarnemer per openbare skool toe te wys om die verkiesingsproses te kontrolleer om nakoming aan hierdie Kennisgewing te verseker.

(j) Die waarnemers mag nie verrigtinge belemmer of beïnvloed nie en hul moet kapasiteitsbou opleiding bywoon, die gedragskode vir verkiesingsbeamptes in paragraaf 9 uiteengesit, nakom, en onpartydigheid ten alle tye onderhou.

Aanstelling en werksaamhede van die distriksverkiesingsbeampte

7. (1) Die distriksdirekteur moet skriftelik 'n distriksverkiesingsbeampte aanstel.

(2) Die werksaamhede van 'n distriksverkiesingsbeampte is -

(1) koördinering van die beheerliggaamverkiesingsproses in die distrik;

(2) die distrik aanraai oor die voorgestelde strategie en implementering van die beheerliggaam verkiesings in die distrik en verseker dat die prosesse belyn met hierdie kennisgewing uitgevoer word;

(3) 'n bestuurplan saamstel om hierdie kennisgewing te implementeer;

(4) verseker dat elke openbare skool 'n skoolverkiesingsbeamte het in ooreenstemming met hierdie kennisgewing en dat die skool verkiesingspanne gestig word;

(5) verseker dat verkiesingsbeamptesvoldoende opgelei is oor hul rol en verantwoordelikhede;

(6) verseker dat skoolverkiesingsbeamptes hierdie kennisgewing en ander tersaaklike kennisgewings en dokumente 30 dae voor die verkiesings ontvang;

(7) verseker dat die verkiesingsvoorspraak soos beplan uitgevoer word;

(8) verseker dat die beheerliggaamverkiesingsproses gemoniteer is;

(9) verseker dat die name en kontakbesonderhede van die persone verkies tot beheerliggame binne 7 dae ingedien is;

(10) verseker dat alle persone tot beheerliggame verkies die data vorm vanaf die skoolhoof ontvang en dit binne 14 dae vanaf die vergadering waar die ampsbekleërs van ’n beheerliggaam verkies is aan die distrik ingedien word;

(11) geskille verwant aan die besluite wat nie op skool-vlak opgelos kon word nie, binne 14 dae oplos en as 'n geskil onopgelos bly, moet die saak na die provinsiale verkiesingskoördineerder vir verdere ingryping geeskaleer word ;

(12) ontwikkel 'n databasis van nuut verkose beheerliggame en dien dit by die provinsiale verkiesingskoördineerder in; en

(13) stel 'n geskrewe distriksverslag oor verkiesing saam, met inbegrip van 'n oorsig van uitdagings, suksesse, en aanbevelings vir verdere verkiesings, en dit aan die provinsiale verkiesingskoördineerder indien binne 14 dae na die einde van die verkiesingstydperk wat deur die Minister aangekondig is.

Aanstelling en werksaamhede van skoolverkiesingsbeampte

8. (1) Die distriksdirekteur of afgevaardigde amptenaar moet skriftelik 'n skoolhoof van 'n ander openbare skool aanstel as die skoolverkiesingsbeampte van ’n openbare skool

(2) In buitengewone omstandighede, kan die distriksdirekteur ’n opgeleide departementele amptenaar as skoolverkiesingsbeampte aanstel.

(3) ’n Persoon aangestel as skoolverkiesingsbeampte moet geem persoonlike of professionele botsing van belange rakende die betrokke openbare skool hê nie.

(4) Die skoolhoof wat ingevolge sub-paragraaf (1) aangestel is mag nie sy of haar werksaamhede as skoolverkiesingsbeampte aan die onderhoof afvaardig nie, behalwe in onvermydelike omstandighede met voorafgaande goedkeuring van die distriksdirekteur.

(5) Die werksaamhede van 'n skoolverkiesingsbeamte is–

(a) voorbereiding van 'n kennisgewing wat die besonderhede van die datum, tyd en plek van die nominasie en die verkiesingsmetode verskaf;

(b) verseker dat daar 'n geskikte plek is vir die nominasie of verkiesingsproses, met inagname vantoeganklikheid vir persone met gestremdhede is, voldoende kapasiteit vir deelnemers en die beskikbaarheid van nodige hulpbronne insluitende sitplek, elektroniese stemtoerusting, indien van toepassing, en sekuriteit;

(c) verseker dat die skool verkiesingspan voldoende opgelei is oor die verkiesingsproses, tersaaklike wetgewing en nakomingsvereistes;

(d) ingryp en geskille wat op die dag van nominasies of verkiesing voorkom, oplos. Proses: Met dien verstande dat enige besluit wat deur die skoolverkiesingsbeampte tydens die proses geneem is finaal is slegs vir doeleindes om die nominasie of verskiesingsproses voort te sit en voorkom nie ’n persoon om ’n geskil ingevolge paragraaf 21 te verwys nie; en

(e) die verkiesingsuitslae aan die distrikskantoor binne 14 dae na die verkiessing, indien.

Gedragskode vir skoolverkiesingsbeampte en distriksverkiesingsbeampte

9. 'n Verkiesingsbeamte moet-

(a) Eerlik, onpartydig en met waardigheid optree

(b) die integriteit van en die openbare vertroue in die beheerliggaamverkiesingsproses verseker;

(c) bekend wees met hierdie Kennisgewingen die toepaslike bepalings van die Wet;

(d) die beheerliggaamverkiesing ingevolge hierdie Kennisgewing uitvoer;

(e) met openbare skool en tersaaklike onderrig beapmtes saamwerk;

(f) die stemproses op 'n regverdige, deursigtige en ordelike wyse bestuur;

(g) probleme met beleefdheid en ywer oplos, soos dit opkom

(h) binne die omvang van die werksaamhede wat aan hom of haar in hierdie Kennisgewing toegewys is, op te tree.

Vereistes vir aanmerklike kiesers en die kieserslys

10. (1) Slegs daardie persone wat op die toelatingsregister as ouers verskyn, of wat bewys het dat hul ouers is, soos omskryf in die Wet, is geregtig om te stem.

(2) Slegs twee ouers per leerder is geregtig om te stem en geen duplisering van name word toegelaat nie.

(3) 'n Kieserslys vir elk van die kategorieë wat die name van alle aanmerklike ouers, opvoeders, nie-opvoeders en leerders bevat moet beskikbaar wees en moet die volgende vereistes nakom:

(a) die ouer-inligting moet opgedateer word en ten minste sewe dae voor die druk van die kieserslys beskikbaar gemaak word vir besigtiging;

(b) die kieserslys moet sewe dae voor die verkiessing gesluit word;

(c) die kieserslys vir opvoeders moet uit alle opvoeders wat by die openbare skool in diens geneem is, aangestel deur óf die provinsiale departement van onderwys ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders ,1998 (Wet No. 76 van 1998) óf deur die beheerliggaam ingevolge artikel 20(4) van die Wet, bestaan;

(d) die kieserslys vir nie-opvoeders moet uit alle ander personeellede wat by die openbare skool in diens geneem is, aangestel deur óf die tersaaklike provinsiale departement van onderwys ingevolge die Staatsdienswet, 1994 óf deur die beheerliggam ingevolge artikel 20(5) van die Wet, bestaan; en

(e) die kieserslys vir leerders moet bestaan uit alle lede van die verteenwoordigende raad van leerders.

(4) Waar die hoof van 'n jeugsentrum die aangewese versorger vir veelvuldige leerders by dieselfde openbare skool ingeskryf is, moet hul naam slegs een keer op die kieserslys verskyn, en hul moet geregtig wees tot een stem by daardie openbare skool, ongeag die getal leerders wat in hul sorg of beskerming geplaas is.

(5) 'n Persoon wat onderneem om die pligte van die biologiese of aangenomeouer, of wettiglike voog of die persoon wat geregtig is tot die wettiglike sorg van ’n leerder moet aan die skoolverkiesingsbeampte 'n brief voorsien vanaf die tersaaklike biologiese of aangenome ouer of wettiglike voog of persoon geregtig tot die wettiglike sorg van ’n leerder, wat bevestig dat hul onderneem om hul verpligtinge aan die leerder se onderrig te onderneem met die toestemming van sodanige persoon.

(6) Die skoolverkiesingsbeampte moet , ten minste 14 dae voor die sluiting van die kieserslys ouers van die kieserslys soos gepubliseer deur die openbare skool, in kennis stel.

(7) skoolverkiesingsbeampte moet die beginsel van inklusiwiteit, deursigtigheid en demokrasie volg en hul moet verseker dat—

(a) geen aanmerklike kieser onregverdig uitgesluit word nie;

(b) die kieserslys maklik toeganklik is vir kontrole ; en

(c) persoonlike inligting is beskerm ter nakoming van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013) wat insluit om dit van ongemagtigde toegang te beskerm en die gebruik van inligting slegs vir verkiesingsdoeleindes te beperk.

(8) Die skoolhoof van die openbare skool word vereis om ondersteuning en bystand aan die skoolverkiesingsbeampte in die uitvoer van hul werksaamhede soos in hierdie kennisgewing uitgelê, te bied.

Stemregte

11. (1) Die benoemde, benoemer en sekondant moet persone wees wat op die kieserslys van hul onderskeie kiesafdeling van verteenwoordiging in die beheerliggaam, verskyn.

(2) Elke ouer van 'n leerder wat amptelik by die openbare skool ingeskryf is, is geregtig tot 'n stem vir ouerlede van die beheerliggaam en het een stem ten opsigte van elke benoemde met 'n maksimum getal stemme gelyk aan die getal van ouerlede wat verkies moet word.

(3) Elke opvoeder, met inbegrip van die skoolhoof, by 'n openbare skool in diens geneem, aangestel deur of die Provinsiale Departement van Onderwys of die beheerliggaam, is geregtig om te stem vir opvoeder lede en het een stem ten opsigte van elke benoemde met 'n maksimum getal van stemme gelyk aan die getal van opvoeder lede wat verkies moet word.

(4) Nie-opvoeders en opvoeders kwalifiseer vir een stem elk waneer vir hul stem vir hul onderskeie verteenwoordiger op die beheerliggaam. Indien die openbare skool slegs een benoemde in die opvoeder of nie-opvoeder kategorie het, is daardie lid outomaties verkies.

(5) Elke lid van die verteenwoordigende raad van leerders is geregtig om te stem vir leerder lede en het een stem ten opsigte van elke benoemde met 'n maksimum getal van stemme gelyk aan die getal van leerder lede wat verkies moet word.

(6) plaasvervanger stemme word nie toegelaat nie.

Verkiesingsmetodes

12. (1) Behoudens sub-paragraaf (3), is die volgende verkiesingsmetodesbeskikbaar:

(a) **Vergaderingmetode, wat verwys na** 'n in-persoon metode waar beheerliggaamverkiesings tydens 'n enkele vergadering plaasvind. Hierdie metode vereis die fisiese teenwoordigheid van kiesers by 'n aangewese lokaal op die verkiesingsdag;

(b) **Dag metode wat verwys na** 'n handmatige verkiessingsmetode waarin kiesers fisies na die aangewese lokaal kom om te stem ter eniger tyd tydens die dag van die stemperiode, binne die aangeduide stemtye, maar nie korter as 12 ure nie; en

(c) 'n e-verkiessingsmetode waarin kiesers hul stemme elektronies maak, óf afgeleë óf by die aangewese e-stemstasies, ter eniger tyd tydens die dag van die stemperiode binne die aangeduide stemtye.

(2) Die beheerliggaam moet op ’n verkiesingsmetode besluit wat die openbare skool beoog om te gebruik en nie minder as 30 dae voor die verkiesingsdag nie, die departementshoof skriftelik daarvan , in kennis stel.

(3) Wanneer daar op die verkiesingsmetodebeoog in sub-paragraaf (1), besluit word, moet die beheerliggaam oorweeg of-

(a) die verkiesingsmetode die beste belange van die skoolgemeenskap sal bevorder en die maksimum deelname van kiesers in die stemproses sal toelaat;

(b) die verkiesingsmetode sal nie teen enige voornemende kieser of groep van kiesers onregverdig diskrimineer nie;

(c) voldoende bepalings is gemaak vir die nominasieproses; en

(d) voldoende hulpbronne is beskikbaar vir die voorkeurmetode.

(4) Die skoolhoof moet die verkiesingsmetode aan die skoolverkiesingsbeampte kommunikeer om die kennisgewings aan ouers gevolglik voor te berei en te onderteken.

(5) Na oorweging, mag die departementshoof die openbare skool aanraai om 'n alternatiewe stem metode te gebruik, wat die faktore uitgelê in sub-paragrawe (3)(a) en (d) sal nakom: Met dien verstande dat die raad skriftelik, met redes vir die aanbeveling, voorsien moet word.

(6) Die skoolverkiesingsbeampte moet die distrik verkiesingsbeampte van die gekose verkiesingsmetode in kennis stel en 'n bestuurplan ten minste 14 dae voor die verkiesings indien.

(7) Die bestuurplan bedoel in sub-paragraaf (6) moet die volgende inligting weerspieël:

(a) Voorgestelde datum vir die verkiesingsmetode;

(b) openingstyd en sluitingstyd van die stemstasies;

(c) tyd van die tel van stemme en die aankondiging van uitslae; en

(d) skedules vir skool verkiesingspanlede om die stemstasies te moniteer om te verseker dat daar genoeg beamptes beskikbaar is vir die proses om voort te gaan.

Nominasieprosedures en vereistes vir verkiesingsmetodes

13. (1) Die nominasieprosesse vir die verkiesingsmetodes bedoel in paragraaf 12(1)

(a) Vir die vergaderingsmetode in paragraaf 12(1)(a)

(i) nominasies moet skriftelik voor die verkiesingsvergadering ingedien word.

(ii) daar moet 'n benoemer en 'n sekondant vir elke nominasie wees.

(iii) die benoemde moet die nominasie skriftelik aanvaar.

(iv) die skoolverkiesingsbeampte moet alle nominasies voor die dag nagaan.

(v) nominasies mag ook van die vloer af aanvaar word tydens die verkiesingsvergadering, met dien verstande dat die benoemde teenwoordig is of vroeër geskrewe toestemming gegee het.

(vi) die finale lys van kandidate word aangekondig voor daar begin word om te stem.

(vii) Hierdie metode is die enigste metode wat nie in verbinding met die ander twee metodes gebruik kan word nie.

(b) Vir ’n voldag verkiesingsmetode in paragraaf 12(1)(b)—

(i) nominasies moet skriftelik binne die bepaalde nominasie tydperk voor die verkiesingsdag ingedien word.

(ii) daar moet 'n benoemer en 'n sekondant vir elke nominasie wees.

(iii) die benoemde moet die nominasie skriftelik aanvaar.

(iv) die skoolverkiesingsbeampte moet alle nominasies nagaan voor die kandidaatlys gefinaliseer word.

(v) die finale kandidaatlys, met hul profiele, moet voor die verkiesingsdatum aan die skoolgemeenskap gekommunikeer word; en

(vi) geen nominasies sal op die verkiesingsdag aanvaar word nie.

(c) Vir e-verkiesingsmetode in paragraaf 12(1)(c) —

(i) nominasies word elektronies deur 'n aangewese platvorm binne die bepaalde tydperk ingedien.

(ii) daar moet 'n benoemer en 'n sekondant vir elke nominasie wees.

(iii) die benoemde moet toestem om die nominasie te aanvaar.

(iv) die skoolverkiesingsbeampte moet alle nominasies nagaan en 'n kandidaatlys opstel.

(v) die finale kandidaatlys, met hul profiele, moet elektronies voor die verkiesingsdatum uitgegee word.

(2) Die vereistes, prosedure en tydraamwerke vir Nominasie Kennisgewings is as volg:

(a) Die skoolverkiesingsbeampte moet 'n geskrewe kennisgewing voorberei wat ten minste 14 dae voor die nominasie sluitingsdatum nominasies vir ouer lede uitnooi.

(b) openbare skole moet betroubare kommunikasiewyses gebruik, met inbegrip van elektroniese platvorms soos e-pos, SMS, skool apps, amtelike kennisgewings op skool webtuistes en gedrukte kennisgewings, waar nodig, om te verseker dat alle ouers die inligting, uiteengesit in sub-paragraaf 13(2)(c), ontvang; en

(c) die kennisgewing beoog in sub-paragraaf 2(a) moet die volgende inligting bevat:

(i) Die getal ouer posisies beskikbaar op die beheerliggaam;

(ii) die nominasiekriteria en aanmerklikheidsvereistes;

(iii) die spertyd vir indien van nominasies;

(iv) die datum, tyd, en verkiesingsproses; en

(v) die prosedure om nominasie vorms in te dien.

(3) Ouers is slegs aanmerklik om benoem te word en om te benoem indien die volgende vereistes gehaal word:

(a) Slegs ouers van leerders wat amptelik by die openbare skool ingeskryf is, is aanmerklik om te nomineer, sekondeer of om as kandidaat benoem te word.

(b) 'n Benoemde, benoemer, en sekondant moet op die kieserslys verskyn.

(c) Die nominasievorm moet volledig voltooi word en deur die benoemde, benoemer, en sekondant onderteken wees.

(d) ouers moet voor die verkiesingsdatum hul voltooide nominasievorm aan die skoolverkiesingsbeampte in dien.

(e) Enige nominasievorm wat nie aan sub-paragraaf 3(a)-(d) voldoen nie is ongeldig en mag nie oorweeg word nie.

(4) Die skoolverkiesingsbeampte moet alle nominasies nagaan om te verseker dat–

(a) die benoemde, benoemer, en sekondant op die kieserslys verskyn; en

(b) die nominasievorm korrek voltooi en onderteken is.

(5) Voltooide nominasievorms mag fisies of elektronies via e-pos, skool apps, of enige ander digitale platvorm deur die openbare skool aangewys, ingedien word.

(6) Die skoolverkiesingsbeampte moet onvoltooide, ongeldige of onleesbare nominasies binne 48 uur vanaf die nominasie gemaak is of beswaar teen die nominasie ontvang is, afkeur en sodanige afkeuring aan die geaffekteerde partye skriftelik na die ontvangs van die nominasievorm kommunikeer, en redes stel vir die afkeur daarvan.

(7) Enige geskil rakende die afkeur van 'n nominasie moet ingevolge die geskil resolusieproses uiteengesit in paragraaf 21, opgeklaar word.

(8) Die finale lys van geldige nominasies moet ten minste vyf dae voor die verkiesingsdatum aan die skoolgemeenskap beskikbaar gemaak word.

(9) Ondanks die bepaling van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013), moet kandidaat profiele, met inbegrip van name, foto's, kort agtergrond, en 'n kort stelling van hul visie vir die openbare skool, elektronies met ouers via die openbare skool se amptelike kommunikasie platvorms gedeel word.

(10) Kandidate is verantwoordelik vir hul eie veldtog en kan nie enige formele kommunikasiekanale deur die openbare skool geskep gebruik nie.

(11) Onvoldoende nominasies moet in die volgende wyse hanteer word:

(a) Indien die totale getal van geldige nominasies gelyk is aan die vereiste getal van ouer lede na die nominasie tydperk verstryk het, word daardie persone as verkies verklaar, en die skoolverkiesingsbeampte moet 'n verklaring onderteken wat aandui dat lede nie verkies is deur geheime stembriewe nie, en dat die skoolverkiesingsbeamptevoldoende tyd vir meer nominasies voorsien het.

(b) indien die getal van nominasies minder as die vereiste getal van ouer lede is, moet die skoolverkiesingsbeampte die nominasie tydperk tot sewe dae verleng en die inligting moet skriftelik aan die skoolgemeenskap gekommunikeer word; en

(c) indien die getal van benoemde kandidate meer as die vereiste getal van verwagte ouer lede is, moet 'n verkiesing per die gekose verkiesingsmetode uitgevoer word.

(12) Die skoolverkiesingsbeampte moet vir 'n minimum tydperk van die ampstermyn van die verkose beheerliggaam, 'n volledige rekord van alle nominasies hou, met inbegrip van aanvaarde en afgekeurde vorms.

Verkiesing- en stemsproses vir ouer lede in die geval van ’n vergaderingsmetode

14. (1) Die skoolverkiesingsbeampte moet kennisgewings van nominasie en verkiesing in die voorgeskrewe vorm voorberei wat die datum, tyd en plek van die verkiesing aandui. Die verkiesing van lede moet belyn wees met die verkiesingsmetode wat die openbare skool ingevolge paragraaf 12 aangeneem het.

(2) Vir die vergaderingsmetode, vind die verkiesing plaas in 'n enkele sessie waar die benoemdes hulself voorstel voor daar begin word om te stem. Alle kandidate moet van dieselfde tyd voorsien word om hulself voor te stel.

(3) Die skoolverkiesingsbeamte moet verseker dat die kennisgewings rakende die verkiesings aan die skoolhoof oorhandig word en daarna versprei en ten minste 14 dae voor die verkiesing in prominente plekke by die openbare skool en in die gemeenskap uitgestal word.

(4) Die stemproses tydens die verkiesingsvergadering moet as volg wees:

(a) Die skoolverkiesingsbeampte moet:

(i) elke kandidaat toelaat om hulself voor te stel voor daar begin word om te stem en voorsien:hul volle name;

(ii) die naam en graad van hul kind of kinders by die openbare skool;

(iii) hul beroep, kennis, vaardighede, en ondervinding wat voordelig vir die beheerliggaam kan wees; en

(iv) hul visie vir die openbare skool.

(b) Die skoolverkiesingsbeampte moet stembriewe aan alle aanmerklike ouers teenwoordig uitdeel, en verseker dat–

(i) elke ouers op die kieserslys 'n stembrief ontvang;

(ii) die stembrief moet met die skoolstempel of ander kenmerkende sekuriteitskenmerk bestempel word om te voorkom dat daarmee gepeuter word; en

(iii) elke ouer stem in geheim, en kies 'n maksimum getal van kandidate soos aangedui in Bylae “A” of “B”.

(5) Die gemerkte stembrief moet gevou word en in 'n stemboks of ander geslote houer geplaas word wat vir hierdie doel voorsien is.

(6) Enige ongeletterde kiesser of 'n kiesser wat weens 'n fisieke uitdaging nie kan stem nie, kan bystand van die skoolverkiesingsbeampte versoek endie beampte moet in die teenwoordigheid van 'n onafhanklike getuie, deur die kieser gekies, bystand bied.

(7) Die skoolverkiesingsbeampte moet die stemme op die volgende wyse tel:

(a) die stemme in die teenwoordigheid van waarnemers en kandidate wat teenwoordig wil wees oopmaak;

(b) 'n stembrief afkeur as–

(i) dit sonder die skoolstempel of kenmerkende eienskap is;

(ii) dit gemerk is vir meer kandidate as die getal van beskikbare posisies; of

(iii) in so 'n wyse gemerk is dat die kieser se voorneme onduidelik is.

(c) 'n stembrief met minder stemme as die maksimum toegelaat, is steeds geldig.

(d) na die afkeur van enige slegte stembrief, ooreenkomstig sub-paragraaf (7)(b), moet die skoolverkiesingsbeampte–

(i) die stemme tel in die teenwoordigheid van waarnemers en benoemdes;

(ii) aan die monitors die naam van elke benoemde en die getal stemme vir elk gemaak, aankondig;

(iii) die getelde stembriewe vorm voltooi wat kandidate lys van meeste stemme tot minste stemme; en

(iv) die verkose kandidate verklaar in ooreenstemming met die getal beskikbare posisies in die beheerliggaam.

(8) (a) Nadat stemming voltooi is, moet die skoolverkiesingsbeampte die totale getal van ouers wat gestem het tel en dit met die totale getal van aanmerklike ouers wat bygewoon het vergelyk.

(b) Waar die getal stemme opgeneem vir twee of meer benoemdes gelyk is en die uitkoms van die peiling affekteer, moet die skoolverkiesingsbeampte openlik, in die teenwoordigheid van geïdentifiseerde waarnemers soos aangedui in sub-paragraaf (8)(a), lootjies trek om die verkose ouer lid te bepaal.

Verkiessing- en stemproses vir Ouer lede in die geval van dagverkiesingsmetode

15. (1) Die skoolverkiesingsbeampte moet die kontrolering van aanmerklike kiesers op die kieserslys uitvoer deur die bestempelde stembriewe wat al die genomineerde kandidate in alfabetiese volgorde gelys bevat, uitdeel.

(2) Nominasie moet plaas vind voor die verkiesingsdag ooreenkomstig paragraaf 13; en

Kandidate se profiele moet ten minste 3 dae voor die verkiesing by die openbare skool uitgestal word en kan, met die toestemming van die kandidate elektronies aan alle ouers versprei word.

(3) Die stemproses moet as volg wees regdeur die aangewese stem ure op verkiesingsdag:

(a) Die kieser moet die stembrief in geheim merk, met elke kieser wat tot die maksimum getal van kandidate soos aangedui in Bylae A of B kies; en

(b) plaas die gevoude stembrief in 'n verseëlde stemboks of ander veilige houer voorsien vir hierdie doeleinde.

(4) Enige ongeletterde kieser, of 'n kieser wat weens ’n fisiese uitdaging nie kan stem nie kan bystand van die skoolverkiesingsbeampte versoek, en die beampte moet die kierser in die teenwoordigheid van 'n onafhanklike getuie deur die kieser gekies, moet bystaan.

(5) Die skoolverkiesingsbeampte moet die stemme in die wyse tel:

(a)Die stemme oop maak en in die teenwoordigheid van waarnemers en kandidate wat teenwoordig wil wees tel;

(2) 'n stembrief afgekeur as–

(i) Dit sonder die skoolstempel of kenmerkende eienskap is,

(ii) dit gemerk is vir meer kandidate as die getal van beskikbare posisies; of

(iii) die merk onduidelik of dubbelsinnig is, wat dit onmoontlik maak om die kieser se voorneme te bepaal.

(3) 'n stembrief met minder keuses as die maksimum toelaatbaar is steeds geldig;

(4) na die afkeur van enige ongeldige stembriewe ooreenkomstig aub-paragraaf (6)(b), moet die skoolverkiesingsbeampte–

(i) die stemme in die teenwoordigheid van monitors, waarnemers en kandidate, tel;

(ii) die totale stemme deur elke kandidaat ontvang, aankondig;

(iii) die stemtelling in die amptelike verkiesingsverslag opneem; en

(iv) die verkose kandidate verklaar deur hul te lys in die orde van stemme ontvang; en

(5) as twee of meer kandidate 'n gelyke aantal stemme ontvang, en die gelykop die verkiesingsuitsle affekteer, moet die skoolverkiesingsbeampte 'n lootjie trek proses uitvoer in die teenwoordigheid van die kandidate om die verkose ouer lid te bepaal.

16. (1) Met die kies van die e-verkiesingsmetode, moet die openbare skool–

(a) 'n gereedheidsassessering uitvoer om sy kapasiteit vir e-verkiesings te bepaalwelke assessering moet 'n evaluasie van beskikbare hulpbronne, die toeganklikheid van tegnologie en data vir ouers, en die veiligheid van die gekose elektroniese platvorm, insluit. Die gereedheidsassessering moet gedokumenteer en vir rekordhouding ingedien word by die distrikskantoor.

(b) besluit op die elektroniese platvorm en diensverskaffer wat vir die e-verkiesing gebruik sal word maar die beheerliggaam het die gesag om die platvorm en diensverskaffer te kies indien dit verseker dat die platform die tegniese en veiligheidsvereistes in hierdie Kennisgewing uitgelê nakom;

(c) ouers inlig oor die platvorm wat die openbare skool sal gebruik vir die e-verkiesings, met inbegrip van die veiligheidseienskappe, betroubaarheid en stappe geneem om die vertroulikheid van stemme te verseker welke inligting moet ten minste 14 dae voor die verkiesingsdag voorsien word;

(d) duidelike riglyne aan ouers voorsien oor hoe om die verkiesingstoepassing (APP) te gebruik deur verskeie formate soos geskrewe instruksies, video tutoriale, of in-persoon of virtuele opleidingsessies; en

(e) 'n IT spesialis voorsien om tegniese ondersteuning aan ouers en die skoolverkiesingsbeampte te bied voor, tydens en onmiddelik na die verkiesingsproses, met inbegrip van die nomineringstadium.

(2) Die e-verkiesingstelsel moet die volgende tegniese vereistes nakom:

(a) die diensverskaffer moet 'n volledig bestuurde en onderhoude stelsel voorsien, met inbegrip van gereelde geskeduleerde rugsteune en nodige opdaterings;

(b) die stelsel moet op verskeie platvorms kan harloop (soos Microsoft, Oracle, ens.); en

(c) die oplossing moet gebruiker-vriendelik wees en versoenbaar wees met toestelle soos skootrekenaars, tablette en slimfone.

(3) Die Minister moet 'n taakspan stig wat verantwoordelik is om 'n lys van goedgekeurde diensverskaffes en e-verkiesingsprogramme wat die vereistes, in hierdie Kennisgewing uiteengesit, nakom te identifiseer, keur, en te onderhou.

(4) Die departement van basiese onderwys, deur die taakspan, gestig ingevolge sub-paragraaf (3), moet die lys van goedgekeurde diensverskaffers opstel en opdateer om nakoming, gehalte, veiligheid en betroubaarheid te verseker.

(5) Inligting versamel tydens e-verkiesings mag nie gebruik word vir enige doeleinde anders as die verkiesingsproses soos bepaal in die ooreenkoms tussen die beheerliggaam en die diensverskaffer nie.

(6) Die e-stem stelsel moet verslae kan oplewer en die tersaaklike funksies insluit om—

(a) die kieserslys vanaf 'n sigblad formaat invoer wat inlsuit maarwat nie beperk is nie tot lys van die nommer volle name, en identiteitsnommers van kandidate;

(b) foto's van kandidate plaas insluitende ’n stelling wat hul fotot’s kan aktiveer of deaktiveer;

(c) veelvuldige stemme per kieser toe te laat, indien nodig, weens veelvuldige posisies;

(d) voorsien intydse uitslae;

(e) 'n administratiewe paneel vir die skoolverkiesingsbeampte voorsien om verrigtinge te moniteer;

(f) ouers op die kieserslys waarmerk;

(g) verkiesing begin en eindtye stel;

(h) 'n gebruikerslog inkorporeer;

(i) kruiskontrolering en kontrole aktiveer om meermalige stemme deur dieselfe kiesser te voorkom;

(j) verseker dat alle getelde stemme waar en nagaanbaar is;

(k) die uitkomste, in die geval waar stemme gelykop is, aandui; en

(l) 'n ouditspoor vir deursigtigheid voorsien.

17. (1) Die skoolverkiesingsbeampte moet kennisgewings vir die nominasie en verkiesing in die e-verkiesingsmetode in ’n vorm wat voorsien is voorberei wat die datum, tyd, duur, en besonderhede van die e-verkiesingsplatvorm voorsien welke kennisgewings moet ten mindste 14 dae voor verkiesingsdag uitgevaardig word.

(2) Die nominasieproses volg die prosedures in paragraaf 13 uitgelê.

(3) Kandidate se profiele moet ten minste drie dae voor die verkiesingsdag uitgestal word en mag elektronies aan alle ouers versprei word met die kandidate se toestemming en die profiele moet op die stem stelsel beskikbaar wees.

(4) Die stemproses vir ouer lede in ’n e-verkiesing moet as volg uitgevoer word:

(a) Ouers moet van inteken besonderhede en 'n eenmalige PIN (“PIN”) voorsien word om in die e-verkiesings deel te neem.

(b) die stelsel moet die geloofwaardigheid van ouers kan nagaan as hul inteken met die PIN wat voorsienis en hul teen die kieserslys waarmerk voor hul toegelaat word om te stem;

(c) die skoolverkiesingsbeamte moet die verkiesingsproses aan ouers wat op die goedgekeurde platvorm ingeteken het, verduidelik.

(d) 'n aanlyn stembrief moet voorsien word wat ouers toelaat om vir die vereiste getal van ouer lede te stem; en

(e) ouers moet afteken nadat hul gestem het.

(5)Die kontrolering van die e-verkiesing uitslae moet as volg uitgevoer word:

(a) Die e-verkiesing stelsel moet die uitslae outomaties bereken en voorsien na die verkiesingstyd verstryk het;
(b) die skoolverkiesingsbeampte moet die uitslae nagaan voor dit afgeteken word; en
(c) waar daar gelyke stemme is, moet die skoolverkiesingsbeampte die geaffekteerde kandidate laat lootjies trek. indien twee of meer kandidate ’n gelyke getal stemme ontvang, en dit die verkiesings uitkoms affekteer, moet die skoolverkiesingsbeampte ’n lootjietrek proses in die teenwoordigheid van beskikbare kandidate en waarnemers uitvoer om die verkose ouer-lid te bepaal en die proses en uitkoms skriftelik opneem.

Proses vannominasie en verkiesing van opvoederlede

18. (1) Die skoolverkiesingsbeampte moet op 'n datum, tyd en plek vir die nominasie en verkiesing vir opvoederlede besluit. Die skoolhoof moet die skoolverkiesingsbeampte in kennis stel oor alle opvoeders by die openbare skool wat as die kierserslys kan dien.

(2) Die skoolverkiesingsbeampte moet verseker dat elke opvoeder by die openbare skool ten minste 14 dae voor die verkiesingsdag 'n afskrif van die kennisgewing van die nominasie en verkiesing ingevolge Templaat 10, aan hierdie Kennisgewing geheg, moet ontvang.

(3) 'n Opvoeder mag slegs benoem en gesekondeer word deur 'n ander opvoeder wat by die openbare skool in diens geneem is soos bedoel in Templaat 6, aan hierdie Kennisgewing geheg.

(4) Die voltooide nominasievorms moet nie meer as sewe dae en minder as 24 uur voor die aanvang van die verkiesingsvergadering, by die skoolverkiesingsbeampte ingedien word nie.

(5) Elke nominasievorm moet behoorlik voltooi wees en by die skoolverkiesingsbeampte ingehandig word binne die tydperk wat die skoolverkiesingsbeampte in die kennisgewing aandui.

(6) Indien die totale getal van geldige nominasies gelyk is aan die benodigde getal van opvoeder lede, word dié wat benoem is verklaar as verkies te wees, en die skoolverkiesingsbeampte moet 'n verklaring onderteken wat aandui dat lede nie deur geheime stembrief verkies is nie en dat hy of sy voldoende geleentheid vir verdere nominasies gegun het.

(7) Die skoolverkiesingsbeampte en die skoolhoof moet alle redelike wyses gebruik om te verseker dat die nominasieproses die eerste maal suksesvol is.

(8) Indien die nominasies meer as die vereiste getal van opvoeders is, moet verkiesings deur geheime stembrief ingevolge Templaat 7 uitgevoer word, deur gebruik te maak van dieselfde prosedurewat uitgelê is..

Proses vir nominasie en verkiesingsvergadering van nie-opvoeders

19. (1) waar daar een nie-opvoeder is, word daardie persoon geag as tot die beheerliggaam verkies te wees;

(2) In gevalle waar daar twee of meer nie-opvoeders by die openbare skool is moet 'n demokratiese verkiesing gehou word om te bepaal wie tot die beheerliggaam verkies moet word; en

(3) As daar twee of meer nie-opvoeders op die openbare skool se personeel is mag die skoolverkiesingsbeampte met die goedkeuring van die nie-opvoeders, lootjies trek as 'n alternatiewe wyse om 'n nie-opvoeder te verkies.

(4) ’n Persoon wat ondersteuningsdienste by die openbare skool uitvoer, val slegs binne die nie-opvoeder kategorie as daardie persoon by die openbare skool in diens geneem is deur die provinsiale onderwys departement of deur die beheerliggaam.

(5) In gevalle waar daar geen nie-opvoeders by die openbare skool is nie, bly die posisie ongevul.

Proses vir nominasie en verkiesing van leerder lede

20. (1) Die verteenwoordigende raad van leerders moet vanuit sy geledere leerders kies wat lede van die beheerliggaam is.

(2) Die prosedure vir die nominasie en verkiesing van leerder lede sal soos aangedui vir opvoeder lede, met die bystand van die onderwyser skakelbeampte plaasvind.

(3) Die getal van leerders verkies tot die beheerliggaam moet in ooreenstemming wees met die formule vir die berekening van lede van die beheerliggaam soos per kategorie soos aangedui in Bylae “A”.

(4) Die leerders moet bewus gemaak word van artikel 32 van die Wet, wat die status van minderjariges op die beheerliggaam uitlê.

Hantering van nominasie en verkiesing geskille

21. (1) Die skoolverkiesingsbeampte moet besluit op alle aangeleenthede met die nominasie en verkiesingsproses.

CONTINUES ON PAGE 147 OF BOOK 2

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**



Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 734 6 August Augustus 2026 No. 55155

PART 2 OF 2

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

(2) Enige geskil rakende die nominasieproses moet aan die skoolverkiesingsbeampte gerapporteer word voor die verkiesing begin.

(3) Enige geskil rakende die verkiesingsproses moet aan die skoolverkiesingsbeampte tydens die verkiesingsproses gerapporteer word.

(4) Die skoolverkiesingsbeampte moet redelike stappe neem om enige geskil bedoel in sub-paragraaf (2) of (3) op te los. ’n Besluit van die skoolverkiesingsbeampte tydens die nominasie of verkiesingsproses is finaal vir doeleides om toe te laat dat die nominasie of verkiesingsproses voort kan gaan maar voorkom nie ’n geskil na die distriksverkiesingsbeampte ingevolge hierdie paragraaf te verwys nie.

(5) (a) Indien die skoolverkiesingsbeampte nie 'n geskil kan oplos nie, moet die verkiesing voltooi word, en die skoolverkiesingsbeampte moet binne sewe dae na die verkiesingsdag die geskil na die distriksverkiesingsbeampte verwys .

(b) Die distriksverkiesingsbeampte moet die klaer binne 14 dae na ontvangs van die verwysing, skriftelik van die distriksverkiesingsbeampte se besluit in kennis stel met die redes daarvoor.

(6) Indien kennis van enige beweerde onreëlmatighede slegs beskikbaar word na die verkiesingsproses voltooi is, mag 'n geskil binne sewe dae na die verkiesingsdag na die distriksverkiesingsbeampte verwys word.

(7) Waar die distriksverkiesingsbeampte nie die geskil bedoel in sub-paragraaf (6) kan oplos nie, moet die distriksverkiesingsbeampte skriftelik die geskil eskaleer na die provinsiale verkiesingskoördineerder wat die geskil moet oplos

(8) 'n persoon wat nie bevredig is met die besluit wat deur die distriksverkiesingsbeampte of die provinsiale verkiesingskoördineerder, na gelang van die geval, gemaak is nie mag daardie persoon binne sewe dae na ontvangs van die besluit, ’n appèl skriftelik by die departementshoof indien.

(9) Die departementshoof moet, binne 30 dae na ontvangs van die appèl, die klaer skriftelik in kennis stel van die uitkoms van die appèl en die rede daarvoor.

Prosedure na verkiesing van beheerliggaam

22. (1) Na die verkiesing van 'n beheerliggaam, moet die skoolverkiesingsbeampte–

(a) alle dokumente, met inbegrip van stembriewe, in sodanige verkiesing gebruik in ’n koevert plaas en die koeverte seël;

(b) daardie koeverte in veilige bewaring vir 'n tydsduur van die ampstermyn van die beheerliggaam hou.

(c) elke lid wat verkies is individueel, skriftelik in kennis stel dat hy of sy verkies is;

(d) die skoolhoof van die openbare skool skriftelik van die name van die persone wat as lede verkies is en vereis dat die skoolhoof die skoolgemeenskap in kennis stel van die verkiesingsuitslae deur die kommunikasie platvorms aan die skool beskikbaar.

(e) verseker dat die distriksdirekteur skriftelik ingelig is van die name en adresse van die persone wat as beheerliggaam lede verkies is soos voorgeskryf; en

(f) die verkiesingsverklaringsvorm, met inbegrip van besonderhedevan enige geskille, aan die distriksdirekteur indien.

(2) Die skoolhoof moet verseker dat 'n datavorm voltooi is deur elke lid van die nuut verkose beheerliggaam welkevorm moet binne 14 dae na kennisgewing van die uitslae van die verkiesing aan die distrikskantoor ingedien word.

(3) Die skoolhoof moet die provinsiale departement van onderwys van enige veranderinge in lidmaatskap van die beheerliggaam binne 14 dae na daardie veranderinge ingestel is, in lig om te verseker dat die databasis op datum is.

(4) Die nuut verkose beheerliggaam moet sy verantwoordelikhede aanneem wanneer die beheerliggaam verkiesings as vry en regverdig aangekondig is, welke aankondiging moet op dieselfde dag as die verkiesing gemaak word.

(5) Geskille kan steeds binne sewe dae na die verkiesing vry en regverdig verklaar is, ingedien word.

Eerste vergadering van beheerliggaam en verkiesing ampsbekleërs

23. (1) Die skoolhoof moet die eerste vergadering van die beheerliggaam binne 14 dae na kennisgewing van die name en adresse van al die lede van die beheerliggaam, saamroep.

(2) By die eerste vergadering van die beheerliggaam, moet die skoolhoof die lede van die beheerliggaam inlig oor hul verantwoordelikhede en die behoefte om te verseker dat ampsbekleërs so verteenwoordigend as moontlik van die skool se geslag- en rasdiversiteit is.

(3) By die eerste vergadering van die beheerliggaam, moet die skoolverkiesingsbeampte die vergadering en die verkiesing van ampsbekleërs lei.

(4) Lede moet ampsbekleërs uit hul geledere verkies, met inbegrip van ten minste 'n voorstitter, 'n tesourier en sekretaris.

(5) Sodra hul verkies is, moet die ampsbekleërs hul onderskeie rolle aanneem, met die voorsitter wat verkies is wat die daaropvolgende vergaderings lei.

Vakante poste van ampsbekleërs

24. Indien die posisie van ’n ampsbekleërs vir enige rede vakant raak, moet die beheerliggaam by die eerste vergadering na daardie posisie vakant geraak het, een van sy lede verkies om daardie vakante pos te vul vir die oorblywende ampstermyn van sy of haar voorganger.

Vul van vakante poste in die beheerliggaam

25. (1) Die voorsitter van die beheerliggaam in oorleg met die skoolhoof, moet die distriksdirekteur van enige vakkante poste wat tydens die ampstermyn van die beheerliggaam voorkom

(2) Die distriksdirekteur moet 'n skoolverkiesingsbeampte ooreenkomstig paragraaf (8) aanstel.

(3) 'n verkiesing moet gehou word soos en wanneer daar 'n vakkante pos in die beheerliggaam is.

(4) 'n Vakkante pos kom in 'n beheerliggaam voor as 'n lid–

i. bedank.

ii. sterf.

iii. van die amp verwyder word ooreenkomstig die bepalings vervat in hierdie kennisgewing; of

iv. nie meer binne die kategorie van lede val wat hy of sy verteenwoordig het teen die tyd van die verkiesing nie.

(5) Wanneer daar 'n pos vakkant raak, soos beoog in sub-paragraaf (4), moet 'n tussenverkiesing binne 90 kalender dae vanaf daardie pos vakkant geraak het, gehou word.

(6) 'n Tusenverkiesing moet ingevolgeparagrawe 12 tot 20 gehou word, soos van toepassing tot die tersaaklike kategorie van lidmaatskap.

(7) 'n Lid wat verkies is ingevolge hierdie Kennisgewing bly in die amp aan vir die oorblywende ampstermyn van die lid wat vervang word, as hy of sy steeds aanmerklik is.

Verwydering van lid van beheerliggaam

26. (1) 'n geskrewe klagte rakende die gedrag van 'n lid van die beheerliggaam moet aan die voorsitter van die beheerliggaam ingedien word of, as die klagte teen die voorsitter is, aan die skoolhoof.

(2) Die beheerliggaam mag skriftelik aan die departementshoof aanbeveel dat ’n lid van sy amp verwyder word vir ’n geldige rede, met inbegrip van verbreking van die gedragskode

beoog in artikel 18A van die Wet, en moet alle ondersteunende dokumentasie saam met sodanige aanbeveling indien.

(3) Die departementshoof moet die geaffekteerde lid voorsien van 'n geskrewe kennisgewing van die aanbeveling vir verwydering, met inbegrip van redes daarvoor, en die geaffekteerde lid 'n geleentheid gun om binne 14 dae na die datum van die kennisgewing, vertoë te lewer.

(4) Die departementshoof moet alle vertoë oorweeg voor 'n finale besluit oor die verwydering van die geaffekteerde lid gemaak word, binne 14 dae na die ontvangs van vertoë gelewer deur die geaffekteerde lid, die finale besluit skriftelik aan die geaffekteerde lid en die beheerliggaam kommunikeer.

(5) Die departementshoof mag die geaffekteerde lid verwyder as hy of sy oortuig is, na oorweging van die aanbeveling, ondersteunende dokumentasie en enige vertoë deur die geaffekteerde lid gemaak, dat daar voldoende rede is vir die verwydering.

(6) die geaffekteerde lid mag tot die lid van die uitvoerende raad binne 14 dae vanaf ontvangs van die besluit deur die departementshoof, appèl aanteken.

(7) Die Lid van die Uitvoerende Raad moet binne 14 dae na ontvangs van die appèl, 'n besluit neem en gekrewe redes aan die geaffekteerde lid vir die besluit voorsien.

(8) In afwagting van die uitkoms van ‘n appèl beoog in sub-paragraaf (6), mag die geaffekteerde lid nie in beheerliggaam aktiwiteite deelneem nie.

Nietigverklaring van beheerliggaam

27. (1) Enige persoon wat beweer dat die beheerliggaam opgehou het om al sy werksaamhede ingevolge die Wet of enige provinsiale wetgewing uit te voer, mag ’n klagte skriftelik aan die departementshoof indien.

(2) Die depertementshoof moet die klagte ondersoek en, indien daar objektiewe getuienis is dat die beheerliggaam gestaak het om al sy werksaamhede ingevolge die Wet of enige provinsiale wetgewing uit te voer, moet die departementshoof 'n formele kennisgewing van voorneme om die beheerliggaam te ontbind uitgevaardig, welke kennisgewing moet die beheerliggaam nooi om binne 14 dae geskrewe vertoë te maak en moet voldoende besonderhede voorsien rakende—

(a) die staking van die prestasie van al sy werksaamhede van die beheerliggaam ingevolge die Wet of enige provinsiale wetgewing;

(b) die redes vir sodanige staking;

(c) hoekom hy of sy dit nodig ag in die omstandighede om die beheerliggaam te ontbind en die verkiesing van 'n nuwe beheerliggaam verseker; en

(d) die geskikte gekwalifiseerde persone wat hy of sy beoog om aan te stel om die funksies van die beheerliggaam ingevolge artikel 25(2) van die Wet uit te voer.

(3) Die departementshoof moet binne 14 kalender dae alle vertoë oorweeg voor 'n besluit geneem word en die beheerliggaam daarvan skriftelik in kennis gestel word.

(4) Indien die departementshoof 'n besluit neem om die beheerliggaam te ontbind en die beheerliggaam van sodanige besluit skriftelik in kennis stel ingevolge artikel 25(5) van die Wet, moet hy of sy die beheerliggaam aanraai oor die voldoende gekwalifiseerde persone aangestel om die funksies van die beheerliggaam uit te voer tydens die tydperk waarin die beheerliggaam ontbind bly en redes voorsien van sodanige besluit wat rasioneel aan die volgende verbind is:

(a) enige gestigte staking deur daardie beheerliggaam om sy funksies uit te voer ingevolge die Wet of provinsiale wetgewing;

(b) enige objektiewe getuienis van die redes vir sodanige staking; en

(c) redes hoekom dit nodig is, in die omstandighede, om die beheerliaggaam te ontbind en om die verkiesing van 'n nuwe beheerliggaam te verseker.

(5) Ingevolge artikel 25(5) van die Wet, moet die departementshoof nie 'n beheerliggaam ontbind as hy of sy nie die onmiddelike en ononderbroke aanstel van voldoende gekwalifiseerde persone om die funksies van die beheerliggaam uit te voer, vir die tydperk waarin die beheerliggaam ontbind bly, kan verseker nie.

(6) Wanneer daar besluit word of 'n persoon voldoende gekwalifiseerd is om die funksies van die beheerliggaam uit te voer, moet die departementshoof die tersaaklikheid van die persoon se kwalifikasies, vaardighede en werksondervinding om die prestasie van die berheerliggaam se funksies deeglik uit te voer, oorweeg.

(7) 'n Besluit om 'n beheerliggaam te ontbind moet nie geneem word waar daardie beheerliggaam gedemostreer het dat dit gewillig en onmiddelik bevoeg is om al sy funksies ingevolge die Wet en enige provinisiale wetgewing uit te voer.

(8) Waar 'n besluit deur 'n departementshoof gemik is om in te gryp of die werksaamhede van 'n beheerliggaam te onttrek om sy toelatingsbeleid te bepaal, aan te pas en/of te hersien, moet die departementshoof eers alle tersaaklike bepalings van artikel 5 van die Wet volg en uitput dan, indien nodig, die bepalings van artikel 22 van die Wet volg en uitput. Artikel 25 van die Wet is nie van toepassing in hierdie omstandighede nie.

(9) Waar 'n besluit deur 'n Depatementshoof gemik is om slegs in te gryp in of die werksaamhede van 'n beheerliggaam te onttrek om 'n taalbeleid te bepaal, toe te pas en/of te hersien, moet die departementshoof eers die tersaaklike bepalings van artikel 6 van die

Wet volg en uitput, en dan indien nodig, die bepalings van artikel 22 van die Wet volg en uitput. Artikel 25 van die Wet is nie van toepassing in hierdie omstandighede nie.

(10) Voor die departementshoof besluit om die tydperk te verleng waarin die beheerliggaam ontbind is ingevolge artikel 25(3) van die Wet, moet hy of sy eers:

(a) die ouers van die openbare skool, skriftelik in kennis stel van sy of haar voorneme om sodanige tydperk te verleng en die redes daarvoor;

(b) die ouers van die openbare skool 'n redelike geleentheid, nie minder as 14 dae, gun om vertoë verwant aan sodanige voorneme, aan hom of haar te lewer;

(c) enige vertoë deur die ouers van die openbare skool deeglik oorweeg; en

(d) die ouers van die openbare skool skriftelik van sy of haar finale besluit skriftelik in kennis stel.

(11) Enige besluit deur die departementshoof om die tydperk waartydens die beheerliggaam ontbind is te verleng, moet rasioneel verbind wees aan die tersaaklike omstandighede verwant aan, en alle tersaaklike vertoë gemaak deur die ouers van die openbare skool, met inbegrip, sonder beperking, vordering gemaak om betyds 'n nuwe beheerligaaam ingevolge die Wet te verkies.

